# Geseënd is elkeen wat die woorde van hierdie profetiese boek ter harte neem.

**Maandag 3 Oktober 2022**

**Bronne:** Du Plessis, A. 1986. Oor die dood uit die Woord.
Du Rand J. 2009 Die Bybellinium. Red FJ van Rensburg en M. Nel.
Groenewald, EP 1986 Die Openbaring van Johannes.
Hendrisen, W. 1986. Meer as oorwinnaars.
Koen, G. 1996. Brood op die Water.
Hoeksema, H. 1969. Behold he Cometh!

**Lees: Open 22:7** "Jesus sê toe: "Kyk, Ek kom gou! Geseënd is elkeen wat die woorde van hierdie profetiese boek ter harte neem."."

**Daar is sewe seënspreke net in die boek Openbaring alleen.**

| | |
|---|---|
| 1:3 | Geseënd is die een wat die woorde van hierdie profesie lees. |
| 14:13 | Geseënd is dié wat van nou af in die Here sterwe |
| 16:15 | Geseënd is die een wat wakker bly en sy klere reghou |
| 19:9 | Geseënd is hulle wat na die bruilofsmaal van die Lam uitgenooi is. |
| 20:6 | Geseënd is die wat aan die eerste opstanding deel het |
| **22:7** | **Geseënd is elkeen wat die woorde van hierdie profetiese boek ter harte neem.** |
| 22:14 | Geseënd is die wat hulle klere was |

Let op wat die eerste seënspreek was en nou die sesde seënspreek.
Open 1:3 Geseënd is die een wat die woorde van hierdie profesie lees.
Open 22:7 Geseënd is elkeen wat die woorde van hierdie profetiese boek ter harte neem.

**Dit is duidelik dat hierdie profetiese boek, baie belangrik is**. Ons moet nooit dink dat die boek Openbaring en trouens die hele Bybel te moeilik is om te verstaan nie. Ons moet die Bybel lees en lees **sodat** die **INHOUD,** daarvan nie net vir ons bekend is nie, **maar** werklik deel van jou wese word. Dit gaan trouens in die hele Bybel oor die openbaring van God en sy wil aan ons. God wat almagtig is en geëer moet word en ons wat in Hom moet glo en Hom van ganser harte moet dien.

**Die gedagte-eenheid waarin ons hierdie sesde seënspreek lees is Openbaring 22:6-11.**
In hierdie vyf verse is daar nie minder nie as drie sprekers, nl, en van die boek Openbaring. Die engel is egter die hoofspreker.

- die engel - Open 22:6 "Toe sê die engel vir my…."
- Jesus Christus self - Open 22:7 "Jesus sê toe…."
- Johannes die skrywer - Open 22:8"Dit is ek Johannes wat dit alles gehoor en gesien het."

**Daarom is vers 6 belangrik om die sesde seënspreek te verstaan.**
**Open 22:6** "Toe sê die engel vir my:
"Hierdie woorde is betroubaar en waar.
Die Here God, wat sy Gees aan die profete gee, het sy engel gestuur om vir sy dienaars te wys wat binnekort moet gebeur."

**Hoekom moet ons hierdie woorde dan ter harte neem, dit in ons hart bewaar en daarna luister?**

- **Open 1:1-2** "Wat hier volg, is deur Jesus Christus geopenbaar. God het die openbaring

oor wat binnekort moet gebeur, vir Hom gegee om aan sy dienaars bekend te maak. Jesus het toe sy engel gestuur om sy dienaar Johannes dit alles te laat sien.

**2** Johannes is die getuie van wat God gesê en wat Jesus Christus bevestig het; hy getuig van alles wat hy gesien het.

**Nou by die eerste gelowiges**, maw in ongeveer eerste honderdjaar na Jesus se lewe op aarde het die christene verwag dat die wederkoms sou nog in hulle tyd gebeur het. Toe dit egter nie in hulle leeftyd gebeur het nie, het dit vir hulle ‘n probleem geword. Daarom lees ons baie duidelik in 2 Tessalonisense 2:1 en verder dat niemand, behalwe God die Vader weet presies wanneer die wederkoms is nie. God stel ook nie die wederkoms uit nie, maar Hy gee bekeringsgeleentheid vir diegene wat nog twyfel of wat nog nie van Jesus Christus gehoor het nie, 2 Pt 3:8-13. Maar daar word drie maal in Open 22 deur Jesus self gesê: **“Kyk Ek kom gou!”**

**Dus,** alhoewel ons nie die dag en datum weet van Jesus se wederkoms nie, moet ons gereed wees. Die gereed wees behels baie duidelik dat ons voorbereid sal wees, geestelik en fisies. Daarom moet ons die Boek Openbaring en die Bybel ken en lees en in ons hart bewaar.
Ons moet leef tot eer en verheerliking van God.
Ons moet afsien van die wêreldse verleidinge.
Ons moet leef soos kinders van God.

**Kom ons bid saam**

***Ds Gerrit Kruger: Gereformeerde Kerk Centurion: Sel 082 964 5595:*** **gskruger1@gmail.com**